

24 Maart

Skrifgedeelte: Openbaring 3:1-6 (lees gerus ook Skrifberyming 42 [1937])

Fokusgedeelte: Openbaring 3:3

Onthou wat jy ontvang en gehoor het

Al die briewe in Openbaring 2 en 3 verbind Christus met iets in die verskyning aan Johannes in Openbaring 1. Dit toon die toestand van die betrokke gemeente en is in die beloftes wat aan die einde van elke brief gegee word. Die brief aan Sardis begin: Dit is Hy wat die sewe Geeste van God (1:4) en die sewe sterre het (1:20).

Hierdie gemeente het die woorde van die Gees verontagsaam. Die “ster”, die boodskapper, die predikant, is deel van die gemeente – het sy prediking hulle aan die slaap gesus, dat hulle die naam het dat hulle lewe, terwyl hulle eintlik dood is? Is verdraai wat hulle ontvang en gehoor het?

Die vermaning van die Here herinner hulle dan aan hoe hulle die woord ontvang het, en dat hulle dit weer moet bewaar en daarheen terugkeer. Moenie dat sy koms (waarvan niemand die tyd weet nie) ’n vreeslike skok word nie.

Die “wees wakker” van vers 2 roep tot hervorming. Die gemeente moet weer nuut word. Hoor dan wat hierdie “nuwe begin” is: Onthou wat julle eerste geleer het. Hervorming is terugkeer na die Woord. Saam met die teruggaan na die Woord, sal hulle werke ook hervorm. Maar nou is Sardis nog soos Jesus die Fariseërs getipeer het: Die beker blink wel buite, maar binne is dit vuil, vol ongeregtigheid.

Daar is in die gemeente wel nog dié wie se klere deur die werk van die Heilige Gees rein en wit gemaak is. Dit is die reine en heilige dade van die gelowiges. Saam met Christus sal almal lewe wat nie in die geloofsdood van Sardis verval het nie. Hulle name sal in die boek van die lewe bly, en Christus sal hulle name voor sy Vader en sy engele bely.

Sing: Psalm 33:2, 3 (1937)

Ds. HT (Hennie) de Villiers (Emeritus)